
# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

No. 34
Lied van
die Klowe



**braam le roux**

Met 'n vloek swaai Bul om. Hy is wit van woede. Hy stoomroller op Trompie af, maar Trompie duik onder daardie groot arms in en dan is die grote se maag hier by hom en met alle mag slaan Trompie daarop dat Bul effens ineen vou.
Dan gryp daardie groot hande hom vas en lig hom op. Hy voel hoe dat hy bokant die reus se kop opgetel word. Trompie weet dat as hy grondvat sy wind skoon uit sal wees. Hy slaan dus sy bene vinnig om Bul se nek en knyp vas. Bul ruk en pluk, maar Trompie bly sit.
Na 'n rukkie se worstel slaag Bul daarin om Trompie se bene om sy nek los te maak, maar nou gryp Trompie hom met albei hande om sy mond en neus vas. Bul moet onmiddelik die bene los om die hande voor sy neus en mond weg te kry.

Stofomslag: Chris du Plooy

# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

No. 34
Lied van die Klowe



braam le roux

INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Berge Roep | 3 |
| 2. | Man Sonder Naam | 17 |
| 3. | Vlamme in die Nag | 32 |
| 4. | Die Berg se Geheim | 48 |
| 5. | Lied in die Klowe | 64 |
| 5. | Die Deur Gaan Oop | 79 |


Hoofstuk 1

# DIE BERGE ROEP

"Die osse sal dit nie meer lank kan uithou nie, De Harde. Die voorstes wil al gaan staan," kom dit angstig van die ouerige man wat vlak langs die wa half-krom op 'n beswete bruin perd sit.

"Jy sê dit al van toeka af, Radloff, en tog hou hulle nog uit. As ons net daardie berge kan bereik. Dit is die Langeberge. Daar is water, volop water," antwoord 'n breedgeskouerde, maar kort mannetjie van middelbare leeftyd wat op en af langs die span stap.

"Daardie berge is nog maklik twintig myl hiervandaan, De Harde. Teen die tyd dat ons daar aankom, is die helfte van die osse al dood. Hulle kan dit nie meer lank uithou nie. Jy weet self dat hulle agt-en-veertig uur laas 'n bekvol gevreet of gesuip het."

"Wel , hulle moet eenvoudig uithou, Koen Radloff, hulle moet! Verbeel jou, een van die dae swem ons in die geld. Een van die dae is ons die rykste manne in die Noordweste, Koen. Ons sal die heersers van die woestyn wees. Ons sal 'n groot dorp hier in die woestyn bou. Ek en jy sal bekend staan as die baanbrekers van die Noordweste, die temmers van hierdie woestynwêreld. Verstaan jy nie, Radloff, ons moet uithou, uithou ... !" kom dit driftig van die kort, maar fris-geboude man wat nou wild met die sweep oor die koppe van die span klap.

"Ek verstaan dit, De Harde, maar die beeste verstaan dit nie. Hulle sal nooit insien dat die groot rykdom waarvan ons altyd gedroom het, eindelik binne ons bereik is nie."

"Praat minder, Koen, en klim liewer van jou perd af en vat die tou voor. Daardie hotvoor-os gaan nou op sy knieë neersink."

Koen Radloff stryk vinnig oor sy bruin bos baard en swaai uit die saal. Hy is veel langer as De Harde wat die sweep in sy hand het. Koen hardloop struikelend na die voorpunt toe, maar dit is duidelik dat sy voete loodswaar is. Hy is uitgeput.

Die son skyn ongenadiglik op die vlaktes neer. Dit lyk asof die strale selfs daarin slaag om die groenigheid van die rosyntiebosse dood te skroei. Koen bereik die hotvoor-os en tel die tou vinnig op. Hy ruk dit styf net toe die os vooroor wankel, en voorkom dat die dier op sy knieë neerstruikel. Roelf de Harde klap met sy sweep gevaarlik naby Radloff. Radloff moet vinnig wegkoets, anders sou daardie voorslag hom dalk in die oë getref het.

"Stadig, Roelf, ek het jou gesê ons moet die goed laat blaas. Hulle

vrek nog almal in die juk!"

"Jy is gek, Koen! As ons nou stilhou, kry ons hulle nooit weer aan beweeg nie. Hulle moet aanhou! Nou-nou sal hulle hul tweede asem kry. Hiert, julle bruines, hei, julle tollies, kom!"

Die wa kraak deur die los sand en los klippe en die groot wiele rol moeisaam oor die trassiebosse wat in hul pad kom.

Daar is geen luggie wat trek nie. Van vanoggend af lê die woestyn doodstil onder die stekende strale van die son. Die lugspieëlings tril en bewe daar op die horison voor die twee mans se oë. Albei se lippe is kurkdroog. Hulle het vanoggend die enigste mondvol water gedeel en elkeen 'n droë beskuit afgewurg, want in hierdie hitte is hulle bang om aan biltong te peusel. Dit maak mens net dors, sodat jou keel naderhand soos die stomme osse s'n fluit. Maar Roelf de Harde en Koen Radloff hou uit, hulle word aangedryf deur die wete dat hulle eindelik binne die bereik van die groot dinge gekom het waarvan hulle so lank gedroom het. Net die gedagte daaraan gee hulle nuwe krag, spoor hulle aan om te volhard.

Die osse se kele fluit, iets soos 'n geroggel kom uit een van die voorstes se kele. Die rooies se oë is bloedbelope. Die klippe kraak en kras onder hulle pote en daar is 'n knarsgeluid as die groot wawiel oor die stam van 'n rosyntjiebos rol.

Ineens val Koen Radloff voor die twee voorste osse. Die een skep vinnig met sy horings, maar gelukkig is dit mis. Koen struikel orent, maar nou weet hy dat sy bene nie meer wil nie. Die sweet koek sy baard saam. Die hittegolwe verblind sy oë. Hy wil op Roelf de Harde skree, maar dit is asof sy tong aan sy verhemelte vaskleef.

Roelf de Harde sien dat Koen op die punt is om weer te struikel. Terselfdertyd sien hy hoe een van die agterosse die een langs hom horing. Die haaragter-os gee 'n brul-geluid. Die wa kraak toe die dier uitgeput skielik op sy knieë neersak. Die disselboom sak en die volgende oomblik breek een van die kettings met 'n harde slag.

Met 'n moedelose en flou gebulk bly die haaragter-os lê. Die skuim en kwyl bol uit sy half oop bek en die dier rol half op sy sy om.

Roelf de Harde gaan soos 'n besetene te kere. Hy klap met die sweep en skree op die osse. Weldra kom die sweep swaar en geniepsig op die beswete velle van die diere neer. Dit bulk deurmekaar en later klink dit soos 'n roggelende jammerklag. Die ketting word ongelyk geruk en gepluk. Die wa het egter teen 'n stuk droë stomp vasgeloop. As die osse ongelyk ruk, kraak dit, maar beweeg nie.

"Hou op, in hemelsnaam, Roelf! Jy slaan die osse dood! Laat hulle rus, sê ek, laat hulle rus. Die skat het jare daar onaangeraak gelê; dit





sal nog 'n dag of wat onaangeroer kan lê. Hou op...!"

Maar Koen se gesmeek word deur die skerp geklap van die sweep verswelg soos De Harde dit woes oor die diere se koppe swaai en dit geniepsig op die beswete velle van die osse neerbring. De Harde verhef sy stem en sy gesig is vertrek. Hier op die oop vlakte is daar nie weerklanke nie. Die gebulk van die beeste, die geklap van die sweep, die besete geroep van De Harde klink hier skerp op en word onmiddellik verswelg in die eindelose grys-vaal lig wat oor die bosbegroeide Kalahari hang.

"Moet julle nou staan en vrek, terwyl ons nou hier so naby is, terwyl ons nie meer verder hoef te soek nie?" kryt De Harde dit teenoor die arme osse uit.

Van die voorstes het ook nou al op hulle knieë neergesink, asof die jukke op hul skowwe glad te swaar is. Van die middelstes het al daarin geslaag om hul lywe skeef te ruk en een of twee jukskeie breek onder die geweld.

Koen Radloff strompel nader. Hy hyg na asem toe hy die sweep in Roelf se hande vasgryp. Hy probeer dit uit die frisgeboude man se hande ruk, maar slaag nie daarin nie. Roelf lyk veel sterker as die bebaarde, langer man. Dit lyk of Roelf de Harde enige oomblik sy redelose woede op sy maat, Koen Radloff, kan koel. Koen probeer dit aan sy verstand bring dat hy nie onredelik moet wees nie; dat hy moet ophou slaan, dat dit hom nie sal help om soos 'n besetene te kere te gaan nie, maar dit lyk kompleet asof die duiwel in Roelf gevaar het.

Roelf slaag daarin om Koen se skielike greep om die stok te skud. Koen verloor sy ewewig en net voordat hy teen die grond neerslaan, slaan Roelf hom blindelings met die sweepstok onder die kakebeen. Met 'n onderdrukte kreet sak Koen Radloff op die klipperige aarde neer.

De Harde swaai om om weer onder die osse te begin moker, maar wat hy nou sien, laat sy liggaam bewe van tierende woede. Die voorste twee osse lê albei; skuim bol by hulle bekke uit. Drie van die middelstes het daarin geslaag om jukke en skeie te breek en met 'n hees gebulk pyl hul in 'n lomp waggelgang op die berge af.

Soos 'n dranksinnige storm hy op die naaste os af, gryp hom aan die horings en probeer hom orent trek, maar dié dier, wat 'n week gelede nog 'n uitgevrete Afrikaner was, bulk roggelend en skud sy horings met die laaste bietjie krag wat in hom oor is om hom van hierdie genadelose mens te bevry.

Roelf de Harde los die bees en spring wa toe. Sy asem jaag, en sy oë

is bloedbelope. Sy stoppelbaard is vuil van die stof en op sy hoedlose kop staan sy hare woes orent.

Hy klouter oor die wakis en die volgende oomblik trek hy 'n mauser te voorskyn. Met 'n kranksinnige blik in sy oë, haal hy die geweer oor en druk dit vinnig teen sy skouer vas.

"As julle wil vrek, sal ek julle gou laat vrek!" skree hy waansinnig uit.

Hy lê aan op die agteros se kruis, maar dan ruk hy die geweer weer dadelik regop.

Ineens hoor hy die ver, haastige hoewegedreun van perde wat vinnig op die wa afstorm. Hoopvol kyk Roelf op. Die twee perderuiters is nog onduidelik waar hulle uit die rigting van die Langeberge tussen die vaalbosse deur aangejaag kom. Hulle ry hard, en terwyl sy besete oë na hulle lyk, kom hulle vinnig nader, en hy sien die ruiters duidelik vooroor op hul perde sit.

Met 'n vinnige swaai van sy arm, gooi Roelf die geweer weer oor die wakis onder die watent in. Hy spring van die wa af en hardloop die twee ruiters tegemoet. Hy weet dit moet sy seun, sestienjarige Eben wees, wat hier saam met Koen se veertienjarige dogter, Corrie Radloff, aangejaag kom.

Vroeg vanoggend het die twee vooruit gery op soek na water op hierdie eindelose doringbome en vaalbosse, wat af en toe afgewissel word deur rosyntjiebosse, volstruisbosse, kwarriebome en trassiebosse, is daar soms watergate wat die Boesmans ontdek en dan vir die oog van rondswerwende Griekwas en trekkende witmense bedek.

Miskien het hulle water gekry. Dit sal wonderlik wees, dit sal die redding van die span afgematte, halfdooie Afrikaners wees.

Roelf hardloop by Koen verby; dan steek hy vas, asof hy hom nou eers daar op die grond raak sien. Verbaas staar hy die beweginglose figuur aan, asof hy nie kan besef wat dan met hom gebeur het nie. Dan buk hy vinnig en skud Koen aan sy skouers

"Koen, word wakker, jy kan nie nou ingee nie, man. Hier Kom Eben en Corrie. Ek sweer...ek sweer hulle het goeie nuus!"

Die sweet drup van sy voorkop af en val op sy kaal, behaarde arms en op die stofbelaaide baard van Koen Radloff. Hy skud sy maat weer, blaas die weerbarstige los hare wat hier oor sy oë wil van vererg weg, en roep andermaal:

"Tog nie flou nie, Koenie? Nee, jy kan nie. Ons gaan ryk word, Koen, ryk! Hulle sal ons oor 'n paar dae nie ken ... ons sal in ons geld rol ..."

Een van die osse wat in die juk lê, steun jammerlik. Dit klink soos





'n voorbode van die dood, wat mens so maklik in hierdie land van aasvoëls kan oorval. De Harde roep hier by Koen se oor; die hoefslae van die perde klink harder in Roelf se ore. Die stof slaan nou ongeveer tweehonderd treë hier voor hom op.

Koen Radloff mompel iets, en dadelik skree Roelf weer hier in sy ore:

"Dit is reg, Koenie, beur op! Al loop ons hiervandaan. Ons sal daar kom. Ek sal reguit na die plek toe loop, sonder die kaart!"

Koen kreun en maak sy oë onwillig oop. Hy kyk in Roelf se wilde bruin kykers, wat nou sag is.

"Roelf, jy is skoon kranksinnig," prewel hy. "Jy wou my vermoor."

"Ek vermoor nie 'n boesemvriend van my nie, Koen. Staan op. Laat die osse vrek as hul wil vrek. Ons kan daar kom sonder hulle. Staan gou op, hier kom Eben en Corrie."

Die bebaarde man sukkel orent. Ky knyp sy oë op skrefies om deur die trillende hitterstrale na die aanstormende perde te kyk. Hy vee oor sy lang, swart baard.

"Hulle kon al eerder gekom het. As hulle saam uitgaan, is dit altyd so; hulle bly almelee lank weg," kom Koen se stem tussen sy sagte asemstote deur.

Roelf begin lag. Sy tierende woede van 'n oomblik gelede is totaal vergeet.

"Dink daaraan — hulle sal nooit arme luise soos ons wees nie, dink daaraan. Hier kom die twee rykste jongmense in die hele Noordweste, in die hele kolonie aangery."

Koen skrik vir die snaakse lig in sy maat se oë. Voorwaar, vandat Roelf 'n maand gelede van die Langeberge in Kuruman teruggekeer het, het hy nie meer normaal opgetree nie. Dit was net goud, goud, van die môre tot die aand. Hy het met 'n kaart daar aangekom, en met twee stukke erts, vol goudspatsels. Roelf het snags van goud gedroom en eindelik het hulle op hierdie tog deur die hart van die Kalahari vertrek. Maar Roelf is nie meer wat hy was nie. Sy woedebuie kom so maklik en verdwyn so maklik.

Die twee perderuiters bring hul perde vlak by die twee mans tot stilstand. 'n Jong seun van ongeveer sestien jaar spring rats uit die saal en hardloop na die meisie op die vosperd langs syne. Hy help haar van die saal af. Sy is nog bloedjonk, skaars veertien, met 'n blosende gelaatskleur en fyn sproetjies om die neus. Haar hare hang in netjiese vlegsels oor haar skouers en as die woestynson daarop skyn, skitter-blink daardie rooierige hare.

"So, die rooies het opgegee? Ek het dit geweet! Pa het hulle byna doodgeslaan," praat die breedgeskouerde seun met sy gelapte broek wat net bokant sy knieë pap hang.

"Sê dit vir hom, Eben. Hy wou nie vir my hoor nie. Party osse het seker weggebreek en daar is 'n paar wat nou-nou sal styfskop. Maar jou pa wil nie hoor nie, nie vir my nie."

Die seun se bruin oë flikkèr wakker. Hy stap na die beswete osse toe en toe hy omdraai, kyk hy vas in Roelf de Harde se oë.

"Ek het baie water gekry, pa, maar hierdie osse sal nie nou 'n tree kan versit nie en ek is seker dat party nooit die eer sal hê om ooit weer water te drink nie."

Roelf se oë rek groot en sy vuil hand streel oor die stoppelbaard op sy ken.

"Water ... water gekry? Hoekom staan jy daar ... hoekom neem jy ons nie soontoe nie? Ek en oom Koen vergaan van dors ... Hy het al flou geword ..."

Koen kyk vinnig na roelf af en skud sy kop. Hy mompel: "Flou geword ...? Dit is 'n mooi grap!"

Roelf de Harde staan voor sy seun. Hy neem hom aan sy skouers en kyk diep in die mannetjie se oë.

"Vat ons na die water toe, Eben. Ons moet nie talm nie. Ons moet in die berge kom, voordat ... voordat dit te laat is ..."

Eben frons sy voorhof.

"Ek kan Pa nie verstaan nie. Hoekom is Pa haastig? Die gouderts in die grotte is al eeue in hierdie berge en dit het nog nooit weggeraak nie. Hier is vir myle geen mense naby ons nie ... wat jaag Pa so?"

"Dit is die dors na rykdom, Eben. Ek vertel dit aldag vir jou pa. Hy meen dat iemand ons kan volg, maar ek dink hy het rus nodig, water en kos, voordat hy heeltemal van sy sinne beroof word."

Roelf se hande krom en hy lag dat sy tande ivoorwit tussen sy stofbevuilde lippe vertoon.

"Wie is van sy sinne beroof, Koen? Nie ek nie. Wag dat jy die goud-aar daar in die grot sien, wag dat jy die goudstof saam met die water uit die aarde sien borrel, en kyk of iets jou nie dan sal jaag nie ... Span uit die osse, Eben. Dié wat nog kan loop, sal dalk self aanstryk sodra hulle los is. Die ander ... die ander kan bly lê totdat ons terugkom. Vat daardie groot melkkan in die wa. Ons sal vir hulle water bring ... Vat julle geweers saam."

Roelf de Harde se velskoene girts-girts oor die sand terwyl hy vinnig na die wa toe terugstap. Eben begin dadelik die osse wat nog in die juk staan, uit te span. Corrie help oom Koen ywerig terwyl hy





besig is om die agterosse te ontjuk. Hy probeer hulle aanpor om op te staan. Slegs een kry dit reg om wankelend orent te kom. Die arme dier se asem jaag. Hy stap so 'n entjie, maar gaan staan dan weer, kop omlaag.

Roelf spring 'n paar minute later van die wa af. Hy het 'n knapsak op sy rug en sy mauser in sy hand. Sy gesig lyk nou net vuil, maar daardie trek van besetenheid is nie meer daarop te bespeur nie. Hy lyk nou eerder opgewonde, bly, verlig.

Hy draf na die perd toe waarop Koen die hele tyd langs die wa gery het. Die perd staan met kop omlaag, en die sweet wat onder die saalkleedjie uitslaan, het al wit vlekke op die bruin vel gemaak. Hy bestyg die perd en beveel: "Roer julle. Dit word hoe later, hoe warmer. Is die water skoon wat jy gekry het, Eben, en hoe ver?"

"Dit is by 'n rotskoppie, Vader. Omtrent vier myl hiervandaan. Dit is 'n soort fontein, maar ek het dit geruik. Ons het dit oopgekrap. Die water borrel vinnig uit. 'n Tree of twee van waar dit uitborrel, loop dit weer in 'n gat onder 'n yslike vuurklip in, sodat dit nie 'n stroompie kan vorm nie."

"Boesmans in die nabyheid?"

"Nee, pa. Ons het niks gesien nie," en Eben span die laaste os uit.

"Vat die melkkan, Eben en ry voor. Wys ons waar die plek is. Koen en Corrie kan op haar perd ry."

Na 'n rukkie sukkel Eben met die groot melkkan uit die wa en bestyg sy appelblouskimmel. Die perd snork en spring eenkant toe, toe die kan hier by sy oor klinkel.

"Trommeldik gevreet en gesuip, Dapper, daarom skrik jy nou. Vanoggend was jy te dood om vir die haas te skrik wat voor jou pote uitgevlieg het."

Toe Roelf die bruin perd hakke gee, wil hy nie loop nie. Eers toe die karwats ingelê word, is daar reaksie, maar hy stap soos 'n esel met hang-ore. Dapper en Eben skiet egter vorentoe.

Corrie klim voor haar vader op die saal en die ou man sit styf teen haar aan.

"Julle het ongoddelik lank weggebly, Corrie?" vra-sê Koen toe die perd onder hulle na 'n drafstap oorslaan.

"Vader, Eben en Boel was agter 'n duiker in. Eben het hom gekwes."

Skielik vra die ou man besorg: "En waar is Boel nou? Hy is nie hier nie!"

"Hy is agter die bok aan. Ons het hom geroep, maar hy was koppig. Hy sal seker netnou hier aankom, Pappie, as hy die bok vang

en hom eers soos 'n tier trommeldik gelê en vreet het."

Eben ry vinnig vooruit, maar dan sien hy dat sy pa maar stadig vorder. Hy hou die appelblouskimmel in en nou trippel die perd op 'n gelyke pas voort. Die strale van die son is brandend warm. Eben se arms is bruin verbrand en sy gesig is rooi van die strale wat onder sy hoedrand inskyn. Die seun sit fier en regop in die saal. Oor sy skouer hang 'n mauser en aan sy heup is 'n 45-rewolwer wat imponerend by 'n swart leerskede uitloer. Dapper volg 'n dowwe wildspaadjie. Die paadjie loop kronkelend deur die doring bosse. Eben kon nog nooit verstaan waar die Kalahari sy soms welige doringbosse vandaan kry nie. Hier op die vlaktes is daar geen water nie, hier skroei die son menige swerwer letterlik dood. Hier kan die dors jou oorval en kan dier en mens soms dood onder 'n lowergroen kwarriebos aangetref word. So is die Kalahari vol van teenstrydighede, vol paradokse. Maar daar in die berge! Daar is die water volop. In byna elke spelonk is 'n fontein wat borrel en helder, rein water op die dorre aarde uitgegooi. Soms word die plantegroei op die vlaktes wel minder, maar daar is altyd die vaalbosse wat sambreelagtig digby die groter kameeldoring troon, of 'n plaat trassiebosse wat sommer hier tussen die sand en klippe groen opskiet. Dit bly vir Eben de Harde 'n paradoks, al is hy hier aan die rand van die woestyn gebore, al het hy in die buur van Kuruman en Olifantshoek, wat hulle nou ver agter hulle gelaat het, grootgeword.

Roelf de Harde slaan die moeë perd aanhoudend. Koen vererg hom bloedig en skree daar van voor af: "Kom klim hier by Corrie op dat ek daardie perd hanteer, Roelf. Hy gaan lê ook nog onder jou!"

Roelf verwelkom hierdie ruil en weldra is Koen Radloff ver agter die ander. Die bruin perd stap moeisaam onder hom voort. Af en toe lyk dit asof hy sy moegheid wil afskud, maar dit is net so 'n entjie, dan struikel hy weer tussen die doringbosse deur asof hy enige oomblik op sy knieë gaan neersak om te bly lê.

Koen kan Eben glad nie meer sien nie, en Roelf en Corrie is seker al goed driehonderd treë voor hom. Af en toe sien hy net die koppe van Roelf en Corrie bokant die bosse uitsteek. Die Plantegroei word gelukkig hierlangs yler sodat hy Roelf-hulle altyd in die oog kan hou.

Dit voel nou vir Koen of 'n ligte windjie opgestaan het. Dit waai uit die rigting van die Langeberge wat dynserig daar in die verte lê. Dit lyk ook of die bossiewêreld in 'n kaler vlakte verander, hoe nader hulle aan die berge trek.

Daar êrens voor hom in die struike runnik die perd waarop Roelf en Corrie ry. Die dier onder Koen begin skeef loop. Hy probeer die





runnik van die perd voor hom te beantwoord, maar die klank wat uitkom is ver van die gerunnik van 'n perd af. Dit klink eerder na die geroggel van 'n sterwende dier.

Die perd loop hom teen 'n kwarriebos vas, ruk sy kop omhoog en probeer weer om te runnik. Sy neusgate staan wyd oopgesper. Koen weet dadelik dat die arme rydier nou gaan val. Hy klim vinnig uit die saal en toe hy op die grond beland, val die perd sydelings oor die kwarriebos. Weer kom daar 'n benoude geroggel uit die dier se bors. Die volgende oomblik val hy langs die bos neer. Verwilderd bring hy sy kop orent, maar hy kan sy pote nie onder hom inkry om hom te lig nie. Met 'n flou geproes val die perd se kop weer terug. Toe hy lê, gaan sy neusgate wyd oop en hy blaas sy asem ru uit, sodat die stof voor sy neus opslaan. Die hele liggaam ruk soos die dier koorsig begin asemhaal.

Koen besef dat hy hierdie getroue ou Kol nooit weer sal opkry nie. Hy maak dus nie eens aanstaltes om hom aan die teuels te probeer optrek nie. Hier sal die perd doodgaan as die water nie gou hier vlak voor hom neergesit word nie. Koen sug en krap sy kop. Hy self voel of hy sommer in hierdie warm son langs die perd wil neerslaan. Hy het geen krag meer oor om een tree te loop nie. Sy ledemate voel lam.

Hy maak sy hande voor sy mond bak en hy skreeu: "Roelf! Roelf! Corrie!" maar daar is geen antwoord nie, en geen weerklank van sy stem nie.

Koen kan hulle nie eens meer sien nie. Hulle het agter die heuwelronding verdwyn. Daar is net een raad oor. Hy sal moet aanstap, maar eers gaan hy hier in die skraal koelte van 'n rooihaak rus. Hy gaan sit, haal sy vuil kakiesakdoek te voorskyn en vee sy voorkop af. Dan kam sy vingers sy baard en hy blaas sy asem hard oor sy gesig in 'n poging om bietjie koel te word.

Dit is nie mooi om na die perd te kyk nie. Daar kom 'n rou gevoel in hom op terwyl hy die dier so betrag ; die asem wat so ruk deur die dier se lyf, die oopgesperde neusgate. Hy weet dat die perd naby dood is; die dier lê hier voor hom op sterwe. Hy skrik skielik. Miskien sal hy ook nog hier beswyk as hy nie gou by die water kan kom nie. Skielik kom hy tot die besef dat hy maklik kan verdwaal as hy netnou verder agter die ander wil aansukkel. By hierdie gedagte strompel hy orent, en hy begin weer skree, aanhoudend, maar sy stem is flou. Dit voel kompleet of dit hier voor hom teen 'n harde granietmuur vasslaan.

Hy bly 'n oomblik moedeloos stil. Hy luister fyn of hy 'n antwoord kan hoor, maar daar kom niks, geen geluid nie. Daar is net die